groen wenke

Polistireen-herwinning

Polistireen kom in jou huis, kantoor, plaaslike supermark en gunsteling-restaurant voor. Dit is te vinde in baie verskillende vorme, van eierkartonne tot slaaiboksies, koffiekoppies tot CD-houers en die liggewig-sponsstukke waarmee nuwe toestelle beskerm word.

Ons is op soek na al jou polistireen vir ons herwinnings-program. Identifiseer polistireen met die nommer 6.

Polistireen-herwinningsprogramme is in Gauteng en Kaapstad bekendgestel en sal binnekort in KwaZulu-Natal beskikbaar wees. Draadhokke en sakke word by Pikit Up-afleweringspersele geplaas en van daar word alle plastiek, en spesifiek polistireen, vir herwinning opgepik. Maak seker jou polistireen is skoon en sonder plastieklagies, los dele of aangeplakte karton.

Dié materiaal is oor die algemeen nie 'n gewilde item op herwinningslyste nie en min mense besef polistireen moet herwin word.

Verteenwoordigers van plaaslike vervaardigers, verbruikers en herwinnings-organisasies het ter wille van die bewustheid rakende polistireen, die effek daarvan op die omgewing en die belang van herwinning die Polistireen-verpakkingsraad gestig. Jy kan die raad skakel indien jy groot volumes polistireen beskikbaar het of as jy'n gemeenskapsprojek of herwinningsprogram bestuur en jy wil hê ons moet deelneem.

Kontak: Adri Spangenberg, 011 793 2658, info@polystyrenepackaging.co.za of besoek hul webwerf by www.polystyrene-packaging.co.za.